# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (27/18)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 6 Julie 2018*

***"The most wasted of days is one without laughter" E E Cummings***

## BURGERSFORT EN OHRIGSTAD PRODUSENTE

Enigeen wat onlangs in die Burgersfort- en / of Ohrigstad-area gereis het, sou kennis neem van die groot, nuwe ontwikkeling van sitrus langs die hoofpad. Volgens die boomsensus het hierdie twee gebiede 1 231 ha onder sitrus. Die meeste sal saamstem dat nuwe boorde nog nie by die sensus geregistreer is nie. Produsente in die streek het begin met nog uitbreidings. Uitvoervolumes in 2016 was reeds by die 2 161 373 kartonmerk, wat in 2017 met meer as 'n miljoen kartonne tot 3 217 859 gestyg het. Soos hierdie nuwe boorde in produksie kom, sal hierdie volume ook groei. Tot nou het hierdie gebiede onder die CGA se Nelspruitstreek geval. Die gebied is egter geografies nader aan Hoedspruit en Senwes (Groblersdal / Marble Hall). Daarbenewens het die gebiede ook nou 'n gekombineerde volume wat gelyk aan ander CGA-streke is - en kan as 'n heeltemal afsonderlike streek beskou word. Om te verseker dat die CGA al die sitrus produsente in suider-Afrika verteenwoordig, is 'n vraelys aan produsente in die Burgersfort- en Ohrigstad-area gestuur om hul voorkeur te bepaal. *As u 'n produsent in die Burgersfort of Ohrigstad-area is, en nie 'n vraelys ontvang het nie, kontak asseblief die CGA Navorsingsekonoom Portia Gasa Portia@cga.co.za. As u wel 'n vraelys ontvang het, voltooi asseblief en stuur so spoedig moontlik terug sodat u keuse ingesluit kan word.*

## BOODSKAP VAN HIERDIE WEEK SE SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Op Woensdag het die CMF in Stellenbosch vergader. John Edmonds (CGA) en Werner van Rooyen (FPEF) het die volgende terugvoering gegee: *Die vergadering het die bemarkingsuitdagings van die seisoen bespreek omtrent lemoene en pomelo's wat na die droogte na normale volume vlakke terugkeer. Dit staar markte in die gesig met hoë vlakke van voorraad weens groot invoere vanaf noordelike halfrond verskaffers en trae verbruik in Europa. Die wegneemboodskap is dat hierdie seisoen goeie besluitneming en gedragsverandering sal vereis om 'n suksesvolle uitkoms te verseker. Produsente en uitvoerders moet versigtig wees, wanneer daar besluite geneem word. Belangrike besluite is: wat om te uitvoer, waarheen om uit te voer en wat by die huis moet bly.*

## "PRE-CLEARANCE" INSPEKSIES EN KOUE BEHANDELING (KOT) HOUER VERSKEPINGS VANAF DURBAN HAWE

Die noordelike produksiegebiede (van KZN tot in Zimbabwe) het vanjaar 'n baie onnatuurlike oes en produksie beleef. Pomelo-produksie het drie weke later die hoogtepunt bereik en was hoër as gewoonlik, direk in die piek van die Navels se produksie, wat ook hoër as normaal was. Suurlemoen- en sagte sitrusproduksie was ook hoër as verlede jaar se volume. Dit het veel meer as die gewone vragmotor aankomste in die Durban-hawe veroorsaak, wat vinnig die koue stoorkapasiteit vol gemaak het en ernstige opeenhoping veroorsaak het. Terselftertyd was daar baie "pre-clearance" inspeksies vir DAFF en PPECB met uitvoere wat aansienlik na markte toegeneem het wat "pre-clearance" inspeksies en koue behandeling houerverskeping vereis. Op die stadium is daar 'n 1,000 bykomende houers (2.826) hierdie jaar vanaf Durban verskeep in vergelyking met die vorige 3 jaar se gemiddelde verskepings (1,774). Dit het ernstige gevolge vir die bedrywighede ingehou, aangesien DAFF en PPECB se hulpbronne tot die uiterste gestrek is, daar houer tekorte was, probleme by houer depot se vrystellings en daar 'n tekort aan vragmotors met Genset-eenhede was. DCT Pier 1 en Pier 2 se bedrywighede het ook negatief tot die operasionele uitdagings bygedra aangesien uitkomste oor die afgelope 3-4 weke gedaal het, a.g.v groot vertragings wat in vragmotors ondervind is. Die CGA raadpleeg alle rolspelers oor die aangeleentheid om operasionele uitsetvlakke vir hierdie verskepings te verhoog. DAFF evalueer en spreek die hulpbronbeperkings tans aan om te verseker dat uitvoere nie verder hierdie seisoen, en in die toekoms belemmer sal word nie. Hierdie kwessies sal by die Jaarlikse Sitruskoördineringsvergadering op die agenda geplaas word om die pad vorentoe te bespreek.

## DEPARTEMENT LANDBOU, BOSBOU EN VISSERY (DAFF) SE JAARLIKSE KOÖRDINERINGSVERGADERING

DAFF het aangedui dat hul jaarlikse sitruskoördineringsvergadering op **25 Oktober 2018** by **Forever Resort, Loskopdam** gehou word. Hierdie vergadering bied 'n geleentheid vir alle belanghebbendes in die bedryf om met DAFF te vergader, die 2018-seisoen te bespreek en vir 2019 te beplan. 'n Kennisgewing word vroeg gestuur om goeie verteenwoordiging van alle belanghebbendes te verseker. Verteenwoordigers van koelkamers en skeepslyne wat aktief koue behandeling verskepings doen, word aangemoedig om deel te neem aangesien dit 'n gebied is wat baie aandag vereis.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo fokusgroep het die afgelope week vergader en 'n effense afwaartse aanpassing aan hul voorspelling gemaak.

| Tot Week 26 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 11.3 m | 13.3 m | 15.4 m | 10.4 m | 11.8 m | 16.8 m | **17.7 m** | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 7.7 m | 7.8 m | 9 m | 6.8 m | 7.2 m | 14.7 m | 16.4 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 10.8 m | 13.9 m | 12.9 m | 11.9 m | 11.3 m | 20.6 m | 20.3 m | 19 m |
| Nawels | 17.6 m | 14.3 m | 16.4 m | 11 m | 11.4 m | 25.7 m | 25.6 m | 21.1 m |
| Valencias | 5.6 m | 7.2 m | 4 m | 2.7 m | 0.9 m | 53.9 m | 53.1 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **53 m** | **56.5 m** | **57.7 m** | **42.8 m** | **42.6 m** | **131.7 m** | **133.1 m** | **123 m** |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**

Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA

CRW